Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

September 2021

Mag ons van Jesus as mens 'n beeld maak?

Christene se hoogste prioriteit

www. gksa.org.za

Inhoud

September 2021

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

JAARGANG 122, NO. 3360
September 2021

1 VAN DIE REDAKTEUR
Mag ons van Jesus as mens 'n beeld maak?

4 UIT DIE WOORD
Word ryk in die koninkryk van God

6 REDAKSIONEEL
Daadkragtig, gelowig, biddend die toekoms in

8 BRANDPUNT
Christene se hoogste prioriteit

FOKUS

10 Moet jou nie ontstel nie, bly net glo

BESINNING
13 In gesprek met myself

IN DANKBARE HERINNERING
15 Ds. AJ du Plessis
17 Ds. W de Vos
18 Ds. JJL Hope

20 Lief en Leed
21 Kerklike administrasie
22 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE
REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2021 – 30 Junie 2022):
Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R323
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R465
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R437
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R135

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Mag ons van Jesus as mens 'n beeld maak?

Daar het onlangs ’n versoek uit die kerkverband gekom dat ons in Die Kerkblad aan hierdie saak aandag gee. Die agtergrond van die versoek is die standpunt wat blykbaar deur sommige gelowiges gehuldig word dat dit nie verkeerd is om van Jesus as mens ’n beeld te maak nie, en dat dit in Sondag 35 van ons Heidelbergse Kategismus, wat handel oor die tweede gebod, nie oor Jesus Christus gaan nie. Die saak is dus konkreet relevant.

Wat behoort ons standpunt hieroor te wees?

Die antwoord op die vraag wat in hierdie artikel aan die orde is, kan kort en bondig wees dat ons van Jesus as mens nie ’n beeld mag maak nie. Die motivering vir hierdie antwoord moet egter Skriftuurlik begrond wees. Daarom moet ’n aantal dinge in gedagte gehou word.

Hoe lyk Jesus as mens?

God het dit so beskik dat Jesus nie as mens gekom het in ’n tyd toe kameras bestaan het en foto’s geneem kon word nie. Sover bekend, was ook die portret-skilderkuns nie bekend nie.

Niemand weet vandag dus hoe Hy gelyk het en nog lyk waar Hy as mens nou na sy menslike natuur aan die regterhand van God die Vader in die hemel sit nie (vgl. HK v/a 49). As daar dus “beelde” van Hom gemaak word, mag ons ’n verskeidenheid van “voorstellings” kry, afhangende van die kunstenaar.

Ware, regverdige mens, maar nogtans ook sterker as alle skepsele, dit wil sê tegelykertyd ware God (HK v/a 15)

Maar daar is ook veel meer. Jesus Christus as die ware en volkome Middelaar is naamlik tegelykertyd ware, regverdige (sondelose) mens en ware God. Hy besit twee nature in een Persoon. Sy Goddelike en menslike

Sondag 35 – VRAAG EN ANTWOORD 96
Vraag: Wat eis God in die tweede gebod?
Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.

Skriffundering
Deuteronomium 4:15-16; Jesaja 40:18-19; Jesaja 40:25; Handelinge 17:29; Romeine 1:22-25; Deuteronomium 12:29-32; 1 Samuel 15:23; Matteus 15:9

Sondag 35 – VRAAG EN ANTWOORD 97
Vraag: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?
Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie. Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien.

Skriffundering
Jesaja 40:25; Eksodus 23:24; Eksodus 34:13-17; Numeri 33:51-52; Deuteronomium 12:3-4

Sondag 35 – VRAAG EN ANTWOORD 98
Vraag: Mag ons beelde as "boeke van die leke" in die kerkgebou toelaat?
Antwoord: Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig.

Skriffundering
Jeremia 10:8; Habakuk 2:18-19; Romeine 10:14-17; 2 Timoteus 3:16-17; 2 Petrus 1:19

nature moet wel van mekaar onderskei word, maar mag nooit geskei word nie. Ons bely dat ook in die graf sy Goddelike natuur met sy menslike natuur verenig gebly het.

En nou spreek dit vanself dat sy Goddelike natuur nooit sigbaar en tasbaar afgebeeld kan word nie. Hy is as God onsienlik (NGB, Art. 1). God is Gees en moet in gees en waarheid aanbid word (Joh. 4:24). 'n Mensgemaakte beeld van Jesus Christus moet dus noodwendig op 'n skeiding van sy Goddelike en menslike nature neerkom.

Heidelbergse Kategismus, Sondag 35

Dit bring ons dan by Sondag 35 van ons Heidelbergse Kategismus wat handel oor die tweede gebod, naamlik: "Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie …" (Eks. 20:4, 5 – AFR53). Die standpunt dat dit in Sondag 35 nie oor Jesus Christus gaan nie, kan (ook in die lig van wat hierbo gesê is oor die eenheid van sy Goddelike en menslike nature) bevraagteken word. Dit gaan in Sondag 35 juis oor die diens aan die enige ware God, Vader, Seun en Heilige Gees. Hoe wil God gedien wees? En dan bely ons dat God op geen enkele manier kan en mag afgebeeld word nie. Vraag en Antwoord 98 van Sondag 35 is hier besonder relevant. Ons weet dat die Roomse Kerk beelde in die kerke toegelaat/ingevoer het as "boeke van die leke" om die mense daardeur te onderrig, omdat gewone lidmate (leke) nie toegang tot die Woord gehad het nie. Onder die beelde in Roomse kerke (tot vandag) is daar beelde van Maria met die kind Jesus, Jesus aan die kruis, ensovoorts. En ons weet dat hierdie beelde gelei het tot beeldediens wat uitdruklik in die tweede gebod verbied word.

Jesus Christus en die Vader

Prof. PW Buys sê in sy verklaring van Sondag 35 onder andere: "God het ons daarin tegemoet gekom dat Hy in sy Seun Jesus Christus aan ons 'n beeld van Homself gegee het." En dan verwys hy na Kolossense 1:15: "Hy (Christus) is die beeld van die onsienlike God." Kolossense 2:9: "In Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik." En Christus se eie woorde in Johannes 14:9: "Hy wat My gesien het, het die Vader gesien."

Ten slotte

Ons bely in die Heidelbergse Kategismus Vraag/Antwoord 98, waarna hierbo verwys is, dat God sy Christene nie deur stom beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord wil laat onderrig. Calvyn het gesê dat die Bybel die kleed is waarin Christus na ons toe kom. Jesus Christus is die Woord wat vlees geword het (Joh. 1:14). In ons diens en aanbidding moet al die klem val op die lewende verkondiging van die Woord en die aanbidding in gees en in waarheid. CFCC

BELANGRIKE KOMMUNIKASIE MET ONS INTEKENARE

Geagte intekenaar,

Van die kant van die Redaksie wil ons u van harte bedank vir u volgehoue steun, deur intekening op *Die Kerkblad*. Ons het ook reeds van heelwat lidmate inligting ontvang, soos wat ons in die vorige uitgawe versoek het. Ons oorweeg om mettertyd al hoe minder van die Poskantoor gebruik te maak, in die lig van swak diens wat dikwels ervaar word, maar ook om koste te bespaar. Die Redaksie oorweeg om mettertyd oor te skakel na groepsintekening, waar *Die Kerkblad* dan per koerier by elke gemeente afgelewer word.

Hierdie verspreidingsmetode kan egter alleen werk as ons die samewerking van elke intekenaar het. Daarom versoek ons u dringend om ons van die volgende inligting te voorsien:

- Is u 'n huidige of nuwe intekenaar?
- Die gemeente waarvan u lidmaat is.
- Aanduiding as u nie lidmaat van 'n Gereformeerde gemeente is nie.
- Naam, voorletters en van.
- Telefoon/selfoonnommer.
- E-posadres.
- Hardekopie of digitale intekening.

U kan die inligting per e-pos stuur na: kerkblad@gksa.co.za

Baie dankie vir u hulp, asook u volgehoue voorbidding vir die werk van *Die Kerkblad*. Ons sal u voortdurend op hoogte hou van enige verwikkelinge.

Hartlike groete, die Redaksie

Daadkragtig, gelowig, biddend die toekoms in

Daar gebeur mooi dinge in ons tyd. Daar is talle geleenthede en uitdagings. Daar is oorvloedige seëninge uit die hand van ons hemelse Vader. Ons het so baie om voor dankbaar te wees.

Tog kan ons myns insiens ook die stelling maak dat ons huidige generasie(s) waarskynlik in een van die moeilikste tye in ons geskiedenis leef. Ons sit vasgevang in die midde van die wêreldwye koronapandemie met al sy gevolglike inperkingsmaatreëls en die negatiewe effekte/gevolge daarvan vir die onderwys van ons jeug, die ekonomie, die funksionering van ons kerke en soveel ander terreine van die samelewing. Veel slegter is al die sterfgevalle weens Covid-verwante oorsake. Hoeveel van ons mense moes die afgelope tyd dierbares aan die dood afgee, sommige in die fleur van hulle lewe?

Verder beleef ons in ons land steeds die golf van korrupsie, geweld, chaos, wanbestuur van munisipaliteite met gepaardgaande ineenstorting van dienslewering, infrastruktuur ensomeer. Sommige skrywers praat van 'n mislukte staat. Werkloosheid neem steeds toe, met gepaardgaande broodsgebrek en diefstal. Ons kan ook nog dink aan die steeds groter wordende aanslag op eiendomsreg, ons taal en kultuur, moedertaalonderrig, ensovoorts.

Al hierdie dinge laat mense vra: Wat hou die toekoms vir ons in? Is daar 'n toekoms vir ons en ons nageslag? Die eintlike vraag wat ons moet vra, is: Hoe gaan ons die toekoms in? En dan wil ek veral drie dinge noem.

Daadkragtig

Ek wil vertel van my oupagrootjie Coetzee. Hy is in die Anglo-Boereoorlog gevang en as krygsgevangene weggevoer. Dié tyd en ook die tyd ná die oorlog was heelwaarskynlik nog moeiliker as die tyd wat ons beleef. Dink aan die matelose ellende en duisende sterftes in die konsentrasiekampe.

Toe my oupagrootjie uiteindelik terugkom op sy plaas by Magaliesburg, vind hy dat alles afgebrand was. Eenkant sien hy 'n ossewa staan wat ook gebrand het. Maar toe hy naderstap, sien hy daar het stukkies hout oorgebly wat nie gebrand het nie. Toe maak hy van die oorskietstukkies hout vir hom 'n stoeltjie. Dié stoeltjie is steeds in die besit van ons familie.

So sal baie families kan vertel van hoe hulle voorsate ná die oorlog kreatief en innoverend die brokstukke van hulle lewens weer opgetel het.

Dit is die daadkragtigheid waarmee ons voorgeslagte met hulle uiteengeslane lewens voortgegaan en weer, menslik gesproke, vir hulle en hulle nageslag 'n pad oopgebreek en 'n toekoms uitgekerf het. Hulle het hulleself aan hulle skoenveters opgetel.

Gelowig

Die grondliggende en koersgewende dryfkrag van hulle lewens en optrede was hulle geloof in God wat regeer en die toekoms in sy hand hou en van Wie hulle 'n roeping ontvang het onder alle omstandighede.

Ons lees ook van die moeilikste en slegste tye in die Bybel. En dan dink ons onwillekeurig aan die

gelowiges van wie ons in Hebreërs 11 lees. Daar staan onder andere in verse 35-38 (AFR53): “Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry, en ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om ’n beter opstanding te verkry. Ander weer het die proef van bespottinge en geselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis. Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel – die wêreld was hulle nie werd nie – hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond.” Lees gerus die hele hoofstuk.

Maar die belangrikste wat ons in Hebreërs 11 lees, is die refrein: “Deur die geloof …” “Deur die geloof.” Hulle het deur die geloof gelewe in goeie en in slegte tye, die geloof wat ’n vaste vertroue is op die dinge wat ons hoop, ’n bewys van die dinge wat ons nie sien nie (vs 1).

Die geloof is ons kaart en transport (dit is wat die woord “bewys” in die oorspronklike taal beteken), ons eiendomsreg van ons ewige bestemming, die stad wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is (vs 10).

Biddend

Om gelowig te leef, beteken om in gemeenskap met God te leef. En die mees intieme belewing van hierdie gemeenskap is die gebed. Die gebed is die asemhaling van die siel (Augustinus).

Op jou knieë is jy onoorwinlik, kan jy nie struikel nie. Op jou knieë het jy uitsig in die donkerste oomblikke, hemelse uitsig. Op jou knieë het jy sekerheid en vastigheid midde-in al die onsekerheid en uitsigloosheid van ’n sondige wêreld. So lees ons in Filippense 4:6: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.” Teenoor die besorgdheid staan die gebed. En dan daal die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, oor jou (vs 7). Ons kan ook dink aan Romeine 12:12: “Verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed.”

Die toekoms in

Mag ons die genade ontvang om in hierdie tyd roepingsvervullend, daadkragtig, gelowig, biddend, die toekoms in te gaan. En so ook ons kinders en kindskinders te begelei en voor te gaan in ’n lewe deur die geloof. CFCC

Prof. IW Ferreira (Naas) (TSP)

Christene se hoogste prioriteit

Hoe behoort Christene in moeilike en ingeperkte omstandighede hulle geloof uit te leef?

Dit is die vraag en die worsteling ook in ons eie tyd. Covid-19 se inperking het ons kerkwees ten diepste geraak en ons kerkbyeenkomste heeltemal ingeperk. Christene se getuienis raak stil en gemeentes verdwyn. Wat het van kerkwees oorgebly?

Ons weet dat God hierdie pandemie toegelaat het, maar wat staan ons te doen? Hoe moet ons as gelowiges individueel en gesamentlik in hierdie omstandighede optree? Moet ons iets sê of eerder

stilbly? Kan ons iets doen, of moet ons onsself eers vir nou uit die openbare oog onttrek?

Psalm 137

Die ballinge in Babel worstel in Psalm 137 met dieselfde vrae. Hoe kan hulle ’n Sionslied in hierdie vreemde land van ingeperkte ballingskap sing?

Hulle eerste reaksie was om hulle siters aan die bome langs die Kebarrivier op te hang en te weier om te sing. Hulle onttrek hulle geloofsbelewing uit die openbare oog.

Dit was omdat hulle vyande al spottende gevra het dat hulle nou rekenskap moet gee van hulle geloof, juis noudat hierdie selfde God wat hulle bely, al hierdie dinge oor hulle gebring het. Hoe kan ’n gelowige God verheerlik midde-in hierdie inperkende en beproewende omstandighede waarvoor God Self verantwoordelik is? Sal ’n getuienis nie God se bespotting vergroot nie? Hierdie heidense uitdaging tot ’n getuienis van die ballinge mag nie tot ’n groter bespotting van God aanleiding gee nie.

Die vraag is egter: Is stilbly en onttrekking die regte reaksie?

Die antwoord is egter baie duidelik en amper voor die handliggend. Die ballinge word deur die Gees van God tot dringende en indringende hartsbesinning gebring. Hulle omstandighede kan mos nie die rede wees waarom hulle nou verkies om eerder stil te bly en hulle te onttrek nie. Hierdie omstandighede bied juis die geleentheid en moet die impuls wees vir ’n hartlike en vrymoedige getuienis.

Dit is dan ook presies waartoe die ballinge hulleself verder kragtig in die Psalm verbind. Hier is ’n selfverwensing ingesluit. Indien hulle Jerusalem vergeet en nie meer daadwerklik en met vreugde hulle geloof in God uitleef nie, moet hulle regterhande maar heeltemal verlam raak en hulle tonge vir altyd aan hulle verhemeltes vasklou.

Wat ’n verbintenis! Die inperking van hulle omstandighede is nie ’n rede of verskoning vir stilswye nie, maar juis die motivering vir ’n nog kragtiger en daadwerklike getuienis en diensbaarheid.

En dan – die sogenaamde wrede deel van hierdie Psalm. Dit waarvan die ballinge hier praat, het hulle self met die begin van die ballingskap beleef. Nie net die Babiloniese oorwinnaars nie, maar ook die Edomiete (Esau se nageslag – hulle wat ook dieselfde verbondsteken as die Israeliete gedra het, maar vir wie God se beloftes nie kosbaar was nie. Die skynkerk. Hulle het saam met die Babiloniërs uiters wreed teenoor Israel opgetree in die ballingskap). Hierdie is slegs ’n gebedsversoek tot God om te onthou wat die Israeliete moes deurmaak. Mag God ter wille van sy eer die wreedheid van die Edomiete en die Babiloniërs onthou en self daarmee vergeldend handel.

In alles gaan dit vir God se volk, ook in hierdie inperking van die ballingskap, oor die eer van God. Ter wille van sy eer mag God se volk hulle nie van die wêreld onttrek en kies om stil te bly nie.

Ter wille van sy eer sal God Self die skynkerk en die goddelose oordeel vir hulle vergrype tydens hierdie bitter moeilike tyd wat God se volk moet deurmaak.

Jou hoogste prioriteit

Is jou tong van getuienis besig om teen jou verhemelte vas te kleef? Is jou hand van diensbaarheid besig om lam te raak? Het die inperking van Covid-19 hierdie invloed op jou geloofslewe en kerklike verbondenheid?

Wanneer dit gebeur, is God se eer nie meer jou hoogste prioriteit nie. Pasop vir die skynkerk – die Esau-nageslag wat ook die verbondsteken dra, maar wat hom uiteindelik aan die kant van die vyand skaar. Die skynkerk is ook ’n vyand van God. Maar – God sal vergeld.

In ware navolging van Jesus Christus bewandel Christene ’n kruisweg waarop hulle tonge altyd getuig en hulle hande altyd opofferend diensbaar bly. Die Gees van God gee vir hulle die krag. Hulle lewe in alles en onder alle omstandighede tot God se verheerliking.

Dit is Christene se hoogste lewensprioriteit. DK

Louis Kruger (Randburg)

In gesprek met myself

Op Saterdag 29 Mei voel ek nie lekker nie. Die slegte gevoel ontwikkel in erge griepsimptome. Leonore neem my hospitaal toe vir 'n Covid-toets. Saterdagaand is 'n moeilike een. Sondag kom die uitslag, positief. En hier begin my reis van meer as twee weke in die hospitaal.

Die hospitaal is 'n vreemde plek met vreemde geluide en my normale roetine word erg versteur. Selfs Bybel lees, bid en preke luister gebeur nie soos gewoonlik nie. In Seksie A is alle beddens deur Covid-pasiënte beset en die personeel is besig, baie besig. Maar hulle doen hulle werk professioneel, met passie en groot deernis. Ek gee hulle tien uit tien daarvoor. Gou leer ek dat alle sinne met "nè?!" eindig. Ek is nie seker of daar 'n vraagteken of 'n uitroepteken na die "nè" moet wees nie. Miskien is albei goed van pas. Die uitroepteken om te sê dit is 'n opdrag en die vraagteken om te vra of jy verstaan. *"Mista Kruga, you must drink your pills, nè!? You must go to the bathroom so that I can make your bed, nè!? You're feeling better today, nè!?"* Wonderlike mense, en ek kry sommer nuwe hoop vir Suid-Afrika.

Een nag sien ek vaagweg in 'n droom of beswyming 'n ronde tafel met 'n netdoek daaroor. 'n Doek soos dié wat die vrouens oor kosbakke gooi sodat die vlieë nie op die kos kan sit nie. Ek kan nie mooi sien wat op die tafel is nie. Dit lyk amper soos hopies grond of sand. Sommige hopies was mooi, ander het klonte gehad, ander klippies en ander selfs dooie gras en duwweltjies. Seker maar die koors of al die medisyne wat hulle in my pomp wat my laat yl. Ek voel in elk geval te siek om te wonder wat dit beteken. Maar die prentjie bly my by. Dit herinner my aan kleintyd se dae toe ons nog karretjies gespeel het. Oral is hopies grond gegooi wat huise, vulstasie, kerk, skool ensovoorts, voorgestel het. Paadjies het die hopies aan mekaar verbind en ons het dan bymekaar gaan kuier en grootmens-wees gespeel.

Op 'n stadium luister ek na Thomas se preek oor die liefdevolle Vader. Ken ek Hom? Hoe ken ek Hom? Kopkennis of hartskennis? Ken ek

LICORNA BEACH

UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS

Luukse seefront - vakansiewoonstelle, slegs 20km noord van Durban.
Volledig toegerus. Lugreëling, Satelliet TV, Diens, Wassery en swembad.

SENIOR BURGERS - geen trappe van woonstel na strand.
Besprekings - Tel: (031) 561-2344; Faks: (031) 561-2974

LAGOONRYLAAN 82, POSBUS 544
UMHLANGA ROCKS 4320

E-pos: licorna@intekom.co.za
http://licorna.co.za

Hom goed genoeg? Dan kom die antwoord, toemaar, Hy ken my, beter as wat ek myself ken, en ek dink: "… my enigste troos in lewe en sterwe, ek behoort nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, Hy bewaar my so dat sonder sy wil nie 'n haar van my kop sal val nie. Laat u wil geskied, Here." Skielik is ek nie meer bang nie, want ek weet Hy is in beheer en sy wil sal oor my lewe geskied, hier op aarde, en ook in die hemel.

Heelwat later volg nog 'n preek. Hierdie keer oor die versorgende Vader uit Psalm 23. Thomas lees: "U berei 'n tafel voor my aangesig" ...

Tafel, tafel, tafel? En ek dink aan die prentjietafel. Ewe skielik besef ek. Die tafel wat ek sien, is nie my tafel nie, maar die Here se tafel wat Hy vir my voorberei het. 'n Pragtige tafel. Psalm 16 kom in my gedagtes. "Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, of: 'n lieflike deel is vir my afgemeet. My erfenis is vir my mooi. Dankie Here vir hierdie tafel. My beker loop oor". En: "Vergewe my asseblief waar ek op hierdie tafel gemors het." Die hopies is alles waarby ek betrokke is, besighede, kerk en kerklike werk, vriende, familie. Elke hopie het mense met wie ek te doen kry, uitdagings, vreugdes en ook teleurstellings.

Ek het al baie preke uit Psalm 23 gehoor en ek onthou iemand het gesê die psalms is tweegesprekke. Die psalmdigter praat met God, sy medemens, familie, volksgenote en selfs sy vyande. Maar daar is ook baie gesprekke wat hy met homself voer. Is dit nie eenrigtinggesprekke nie? Ja, indien hy nie na homself luister nie, is dit 'n eengesprek, maar as hy na homself luister, is dit 'n tweegesprek.

Die psalms is vol van sulke voorbeelde. Psalm 42: Ek sê: "O my siel, waarom onrustig. En wat buig jy jou in my? Waarom in God's lof onrustig as die vyande jou/my bestry?" Dink net hoe erg sou dit wees as die gesprek hier sou eindig, maar die gesprek gaan voort. Myself antwoord: "Menigmaal het Hy jou druk laat verwissel in geluk." En as ek na myself geluister het, antwoord ek: "My gebed sal opwaarts strewe na die bronwel van my lewe."

Die gevolg is nuwe moed, nuwe fokus, nuwe energie, verligting, vrede en vreugde. Die les is: Luister na jouself, want dit is dikwels die Heilige Gees wat deur jouself met jou praat. Die Heilige Gees is mos aan ons gegee om ons te troos, te versterk, te lei en te leer. Selfs vir my ook. As myself se antwoord in lyn met die Skrif is, dan is dit die Heilige Gees wat met my deur myself praat. Wonderlik, nè?!

En myself sê vir my: "En wat sê jy nou?"

Ek sê: "Baie dankie Leonore, Pa en Ma, kinders en kleinkinders, sussies en swaers, medegelowiges en kerkmense, familie, vriende, kollegas en ook diegene met wie ek al kop gestamp het. En o ja, amper vergeet ek, dokters en verpleegpersoneel, baie dankie aan julle ook."

"En?" sê/vra myself onder leiding van die Heilige Gees aan my.

Ek antwoord: "Dankie Here! Loof God omdat Hy goed is en goed is sonder end" (Ps. 107), en: "Wat kan ek die Heer vir al sy guns vergeld? Wat kan ek Hom bring uit dank vir sy genade? Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade en by die kelk van heil sy Naam vermeld" (Ps. 116:7, sommer die hele Ps. 116), en: "Help my om in u huis te bly tot in lengte van dae" (Ps. 23).

Wonderlik nè!? Inderdaad, voorwaar sowaar! DK